

27 Junie

God sorg vir syne!

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 5
Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:7**

Elkeen van ons dra sorg in ons binneste rond. Bekommernis oor werk, kinders, gesondheid, roumart, eensaamheid, gebreke, sonde, en vele meer. Die woord vir “*bekommernis*” kom van ’n woord wat beteken om te verdeel. Jy het verdeelde belange. Jy kan nie meer op een ding fokus nie. Jou bekommernis lê beslag op jou gedagtes, krap jou lewe om, beïnvloed jou optrede, verander jou slaapgewoontes.

Wat moet jy doen met jou sorg ? Petrus het ’n antwoord vir mense vol ang en bekommernis: Werp dit op die Here! Kry met een enkele daad klaar met jou laste. Kom weg van jou ang, want God is gereed om jou laste te dra.

Hoe werp ’n mens jou sorg op die Here? Deur gereeld te bid. Bid dat Hy uitkoms gee, antwoorde gee, oplossings gee. So nie, vrede om sy wil te aanvaar. Dikwels is gebed alleen nie genoeg nie. Daarom vat jy jou Bybel en jy bestudeer dit. Jy grawe daarin na God se antwoorde. Dikwels is dit net een woordjie, net een sinnetjie wat die vrede in jou hart terugsit. Kan jy agterkom dat die Here jou hele hart soek, algehele afhanklikheid en volslae vertrou? Om jou sorg op Hom te werp, vra van jou ’n doelbewuste besluit, ’n aksie van oorgee, ’n daad van afgee vir die Here om daarmee te handel, en tevrede te wees met die antwoord.

Waarom kan ek my sorg op die Here werp? Die rede: “... *want Hy sorg vir julle.*” Letterlik staan daar dat Hy op die oomblik besig is om te help. Sy sorg vir jou hou nooit op nie. Terwyl jy hier lees, is Hy besig om na jou belange om te sien. Hoe groot of klein jou bekommernis ook al is, jou sorg maak vir God saak. God het in Jesus Christus ’n plan gehad met jou grootste sorg – jou sondes. Jy het nou ’n liefdevolle Vader wat net die beste vir jou in die oog het.

Kom, gaan na jou Vader toe met jou bekommernis – Hy is jou vertrou werd !

Sing: Psalm 38: 8, 17

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)